higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA
NKR VLAK 2

(11011062)

24 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

342Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	'n Kaart wat kliënte gebruik om uit te vind watter lugrederye na watter bestemmings vlieg	A	Hoedspruit-Eastgate Lughawe
1.1.2	Dié rivierhawe het 'n ankerplek vir tenkskepe en kaaie wat toegerus is om kommersiële vragte op en af te laai	B	N3
1.1.3	Dit is 'n hoofdeurgang na Limpopo	C	De Hoop Vlei
1.1.4	Dié roete verbind Gauteng met Mpumalanga tot by Mosambiek	D	Saldanhabaai
1.1.5	Dit is 'n baie bekende kaart wat die Mercator-projeksie gebruik	E	roetekaarte
1.1.6	Dié hawe is belangrik vir ysterertsuitvoere en die visserybedryf	F	Oos-Londen
1.1.7	Dit is 'n varswatermeer aan die kus	G	N4
1.1.8	Dié roete verbind Gauteng met KwaZulu-Natal	H	Randse lughawe
1.1.9	Dié lughawe is in Gauteng	I	St. Lucia-riviermonding
1.1.10	Dit is 'n wêrelderfenisterrein	J	plat wêreldkaarte
		K	Durban
		L	geesteskaarte
		M	N2

(10 × 1) (10)

1.2 Identifiseer die provinsie waarin elke toeriste-aantreklikheid hier onder geleë is:

1.2.1 Tuinroete

1.2.2 Blyderivier-canyon

1.2.3 Kangogrotte

1.2.4 Oesterfees

1.2.5 Hector Pieterson-distrik

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Identifiseer die stad/dorp waar die volgende gebeurtenisse plaasvind:

1.3.1 Innibos Kunstefees

1.3.2 Toerisme Indaba

1.3.3 Volstruisfees

1.3.4 Oesterfees

1.3.5 Dusi-kanoemarathon

(5 × 1) (5)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 Die … Rivier is die langste rivier in Suid-Afrika.

1.4.2 Die … Dam verskaf water aan die hele Gauteng.

1.4.3 Die … Rivier vorm die grens tussen Suid-Afrika en Zimbabwe.

1.4.4 Die … Dam het die grootste opgaarkapasiteit van alle damme wat nog ooit in Suid-Afrika gebou is.

1.4.5 Die … Dam is die tweede grootste dam in Suid-Afrika.

(5 × 1) (5)

1.5 Identifiseer die KLIMAATSTREKE wat hier onder beskryf word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Somer is warm met reën en donderstorms. Winters is droog en helder en nagtemperature kan tot onder vriespunt daal.

1.5.2 Somers is warm en taai met dagtemperature wat 40 grade Celsius kan bereik. Die meeste reën val in die somer met swaar donderstorms.

1.5.3 Somers is warm en droog met sporadiese reënstorms. Winters is koel en nat.

1.5.4 Baie min reënval, maar daar is soms blitsstorms.

1.5.5 Hierdie streek word tussen die tropiese streek en die ware woestyn aangetref. Temperature is hoog met min reënval. Dit reën in die somer.

(5 × 1) (5)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die kaart hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

N



S

2.1.1 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf:

Die kaart hier bo is 'n voorbeeld van 'n geesteskaart. (1)

2.1.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 2.1.1. (2)

2.1.3 Bepaal in watter rigting toeriste moet ry as hulle tans by Water World is en by die volgende plekke wil uitkom:

(a) uShaka Marine World

(b) King's Park Stadion

(c) Riverside Hotel

(3 × 2) (6)

2.1.4 Jou kliënt besit 'n Procard en bly dus slegs oor in Protea-hotelle.

Identifiseer die hotel wat jy vir die kliënt sal aanbeveel. (1)

2.2 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

'n Diverse nasionale park

Die Kruger Nasionale Park is een van die grootste nasionale parke in Afrika. Dis aan die noordoostelike punt van Suid-Afrika geleë en oorspan Mpumalanga en Limpopo. Die park se oppervlakgebied strek oor 19 633 km² omdat baie van die omliggende privaat reservate hul heinings verwyder het en daardeur die wild toelaat om vrylik tussen die reservate te swerf. Dis 'n wildsgebied soos geen ander nie en die skoonheid daarvan deurdring almal wat hierdie diverse plek besoek.

In Suid-Afrika is die Kruger Park die vlagskip van toerisme wat op wildslewe gemik is en dis een van die wêreld se gewildste safaribestemmings. Dis die kern van safari's in die noordoostelike hoek van die land, en hierdie ikoniese nasionale park bied aan besoekers twee miljoen hektaar van ongeëwenaarde natuurskoon en uitstaande diversiteit in fauna en flora.

Hierdie wildernis en wildsgebied, bosvlaktes en tropiese woude is die tuiste van nie net die Groot Vyf nie, maar ook van meer groter soogdierspesies en meer diverse voëlspesies as enige ander Afrika-wildsreservaat. Dit smelt ook geskiedkundige en argeologiese terreine saam met die natuur.

Daar is iets vir almal in die reuse- beskermde wildernisgebied – of jy nou 'n wildsentoesias, ywerige voëlkyker of natuurliefhebber is, of dalk net daarna smag om die besige stadslewe vir die rus en vrede van die pragtige bosveldomgewing te verruil.

Daar is 21 kampe in die Kruger Park wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad (SANParke), die reguleringsliggaam wat die Kruger Park se primêre akkommodasie in stand hou en behartig, bestuur word. SANParke bied basiese, bekostigbare akkommodasie in die hoofruskampe, satellietkampe, bosveldkampe en boslodges aan asook eenvoudige tentkampe en oornagskuilings.

Die meerderheid van die Kruger Park se akkommodasie is goedkoop en gemik op selfsorg. Vir 'n eksklusiewe safari-ervaring wat vergelykbaar is met dít wat jy in die Groter Kruger en ander wêreldberoemde safaribestemmings in die res van Afrika sal kry, is daar die opsie om 'n luukse suite by 'n 5-ster safari-lodge op een van die privaat konsessies in die Kruger Park te bespreek.

Die Kruger Park en sy eksklusiewe buurman, die Groter Kruger, deel 'n grens met Zimbabwe en Mosambiek. Dis een van die grootste beskermde wildernisgebiede op die kontinent en sekerlik een van dié met die grootste diversiteit.

[Verwerk vanuit: *https://www.krugerpark.travel/*]

2.2.1 Identifiseer vanuit die artikel DRIE eienskappe wat besoekers na die park sal lok. (3 × 1) (3)

2.2.2 Noem DRIE aktiwiteite wat parkbesoekers kan doen. (3 × 1) (3)

2.2.3 Noem TWEE deurgangsdorpe/-stede na die park. (2 × 1) (2)

2.2.4 Die park strek oor TWEE provinsies van Suid-Afrika. Noem hierdie provinsies. (2 × 1) (2)

2.2.5 Volgens die artikel, watter soort toeris sal 'n besoek aan die Kruger Nasionale Park geniet? (3 × 1) (3)

2.2.6 Watter roete verbind Johannesburg met die nasionale park? (1)

2.2.7 Identifiseer DRIE soorte akkommodasie wat in die park beskikbaar is. (3 × 1) (3)

2.2.8 Watter organisasie behartig en hou die akkommodasie in die Kruger Nasionale Park in stand? (1)

2.2.9 Identifiseer TWEE buurlande wat aan die park grens. (2)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 'n Pasgetroude paartjie vanuit Switserland wil Suid-Afrika toe kom vir 'n wegbreek van hul gewone lewe in hul eie land. Tydens hul besoek wil hulle deur verskillende provinsies toer om 'n paar toeriste-aantreklikhede te besoek en 'n paar gebeurtenisse by te woon.

Voltooi die volgende reisprogram deur die ontbrekende woorde te verskaf. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Dag	Aktiwiteit
1	Aankoms by (3.1.1) … Internasionale Lughawe in Johannesburg.
2	Reis na Sun City om Tiger Woods in aksie te sien by die (3.1.2) …, wat 'n groot Suid-Afrikaanse golftoernooi is.
3	Reis na KwaZulu-Natal. Besoek onderweg die (3.1.3) … waar jy die kopbeen van Mev. Ples kan besigtig.
4	Reis voort na KwaZulu-Natal.
5	Besoek (3.1.4) …, 'n bekende wêrelderfenisterrein wat die tuiste van seekoeie, krokodille, pelikane en flaminke is, om net 'n paar te noem.
6	Op pad na Ficksburg, oornag jy by die (3.1.5) … Nasionale Park in die Vrystaat. Hierdie park is bekend vir sy sandsteenkranse en rotsformasies.
7	Ná 'n vroegoggendopstaan, reis na Ficksburg om die (3.1.6) … fees by te woon.
8	Ry (3.1.7) … toe, die hoofstad van die Vrystaat vir 'n vlug Kaapstad toe.
9	Vandag is opwindend. Vertrek op 'n uitstappie na (3.1.8) … om die beroemde tronk waar mnr. Nelson Mandela gevange gehou is, te besoek.
10	Dis Paasnaweek en jy sal die geleentheid hê om die (3.1.9) … te aanskou, 'n marathon van 56 km wat in Newlands begin en by die Universiteit van Kaapstad eindig.
11	Geniet die laaste dag in Kaapstad by die (3.1.10) … Botaniese Tuine. Hier kan jy 'n diverse verskeidenheid fynbos, flora en natuurlike woude beleef.

(10 × 1) (10)

3.2 Identifiseer die tipe akkommodasie-instellings wat hier onder beskryf word:

3.2.1 Dis gewoonlik 'n woonhuis en die eienaar woon op die perseel

3.2.2 Dis 'n huis, herehuis, ens. wat aangepas is vir oornaggaste

3.2.3 Verskaf akkommodasie aan reisigers, het 'n ontvangsarea en bied ten minste ontbyt, 'n kamer of kommersiële area aan

3.2.4 Dis 'n akkommodasiefasiliteit in 'n natuurlike omgewing

3.2.5 Bied fasiliteite en toerusting vir gaste om hul eie kos en drinkgoed te berei

(5 × 1) (5)

3.3 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

Impak van Toerisme op Plaaslike Gemeenskap

Alhoewel toerisme 'n prominente rol in die ekonomiese groei van 'n gebied kan speel, is daar kwellings oor die negatiewe impak wat dit op plaaslike gemeenskappe kan hê ten spyte van al die maatskaplike voordele wat dit vir daardie gemeenskap kan inhou of die feit dat dit 'n betekenisvolle rol kan speel om natuur te bewaar, insluitend nasionale parke en beskermde gebiede.

Noemenswaardige voordele van toerisme is die bewaring van kulture en tradisies soos kunsvlyt, en die bewaring van ekostelsels. Om verskillende kulture te ontmoet en hul kuns en vaardighede te leer ken, is 'n voorbeeld van die positiewe impak wat toerisme op plaaslike gemeenskappe kan hê.

Omgewingskundiges wat bekommerd is oor outentieke gemeenskappe wat moontlik kan verdwyn, moet onthou dat daar verskeie maatskaplike voordele daaraan is om toerisme in plaaslike gemeenskappe uit te bou. Dit behels onder meer verbetering van infrastruktuur, meer werksgeleenthede en mense sal nie meer dorpies verlaat om werk op ander plekke te gaan soek nie. Toerisme kan direkte of indirekte werksgeleenthede bied deur die verskaffing van goedere en noodsaaklikhede aan stede of woonbuurte.

Toerisme het 'n impak op die ekonomie, omgewing, politiek en sosiokulturele welstand van die gasheergemeenskap.

[Bron: *https://nomad.tours/ecoutourism-iran/11638/impact-of-tourism-on-local-community/*]

3.3.1 Volgens die artikel, het toerisme 'n impak op vier aspekte van die gasheergemeenskap.

Identifiseer hierdie VIER aspekte. (4)

3.3.2 Identifiseer TWEE voordele van toerisme vanuit die artikel. (2)

3.3.3 Noem DRIE menslike aksies en gedrag wat nadelig vir die omgewing is. (3 × 1) (3)

3.4 Ons erfenis word gevorm deur baie verskillende faktore. Hierdie faktore kan geskiedkundig, argeologies of natuurlik van aard wees.

3.4.1 Verduidelik wat jy onder die volgende terme verstaan:

(a) Geskiedkundige erfenis

(b) Natuurerfenis

(2 × 2) (4)

3.4.2 Gee 'n voorbeeld van:

(a) Geskiedkundige erfenis

(b) Natuurerfenis

(2 × 1) (2)

[30]

VRAAG 4

4.1 Volhoubare toerisme gaan nie net daaroor om 'groen' te wees nie – dit gaan daaroor om 'n langtermyntoekoms vir Suid-Afrikaanse toerisme te verseker wat op vennootskappe en gemeenskapsvoordele berus.

4.1.1 Gee VIER maniere om gemeenskapskapasiteit te bou deur middel van doeltreffende gemeenskapsdeelname. (4 × 1) (4)

4.1.2 Gee DRIE redes waarom gemeenskapsgebaseerde vennootskappe belangrik is en hoe die gemeenskap voordeel kan trek deur aan gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe deel te neem. (3 × 2) (6)

4.1.3 Toeristiese aksies moet noukeurig gemonitor en bestuur word omdat dit 'n groot las op die omgewing kan plaas.

Gee TWEE rolle wat bewaringsagentskappe speel om staatsbewaarde grond vir toerisme te bestuur en ontwikkel. (2 × 2) (4)

4.1.4 Verduidelik die korrekte prosedure vir die aanmelding van beskadigde natuur- of kultuurterreine. (2 × 2) (4)

4.1.5 Noem die name van enige VIER toepaslike owerhede by wie beskadigde natuur- of kultuurterreine aangemeld kan word.

(4 × 1) (4)

4.2 Die instroming van toeriste het 'n enorme impak op plaaslike gemeenskappe. Die impak kan voordelig sowel as nadelig wees vir die infrastruktuur, wat weer negatiewe koste-implikasies kan veroorsaak.

4.2.1 Noem VIER voordele van toerisme op plaaslike gemeenskappe.

(4 × 1) (4)

4.2.2 Noem VIER nadele van toerisme op plaaslike gemeenskappe.

(4 × 1) (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Lees die volgende artikel oor *tasbare erfenis* en beantwoord die vrae wat volg:

Bewaring van Tasbare Erfenis

Tasbare erfenis is konkreet en kan aangeraak word. Dit is egter onlosmaaklik verbind met ontasbare erfenis, wat aangevoel, ervaar of gehoor word. Bewaring wil verseker dat kultuurmateriaal behoue bly, of dit nou kuns, taal, mondelinge geskiedenis of literatuur is wat in argiefmanuskripte, kunswerke, kunsbesittings, geboue, grond en die mariene-omgewing aangetref word. 'Dit alles vertel ons iets omtrent die diversiteit van ons ineengestrengelde erfenis en dis hierdie erfenis wat ons menslikheid na vore bring'.

Dis dus dringend noodsaaklik om Suid-Afrika se ryk en diverse kultuurerfenisterreine te bewaar, beskerm, herstel en te restoureer siende dat dit voortdurend bedreig word deur verstedeliking, vandalisme, swak bestuur, toevallige skade, verwaarlosing, klimaattoestande en natuurlike veroudering.

[Bron: *www.up.ac.za*]

5.1.1 Verduidelik die verskil tussen *tasbare* en *ontasbare* erfenis met 'n aanhaling uit die artikel. (2 × 2) (4)

5.1.2 'Dit alles vertel ons iets omtrent die diversiteit van ons ineengestrengelde erfenis en dis hierdie erfenis wat ons menslikheid na vore bring.'

Beskryf maniere om mense, hul besittings en die omgewing te respekteer. (2 × 4) (8)

5.1.3 Kies VIER woorde uit die uittreksel hier bo wat op 'n positiewe aktiwiteit dui om kultuurerfenisterreine te bewaar. (4 × 1) (4)

5.1.4 Stel VIER aktiwiteite voor wat plaaslike sake-ondernemings kan implementeer om erfenis te bevorder tydens alledaagse werksaktiwiteite. (4 × 1) (4)

5.2 Noem die name van die volgende nasionale simbole van Suid-Afrika:

5.2.1 Die nasionale vis

5.2.2 Die nasionale blom

5.2.3 Die nasionale voël

5.2.4 Die nasionale dier

5.2.5 Die nasionale boom

(5 × 2) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou